Primêre dismenorree: Die aanbevole dosis is 120 mg een keer per dag.

Postoperatiewe tandheelkundige pyn: Die aanbevole dosis is 90 mg een keer per dag.

Dosisse hoër as die wat aanbeveel word vir elke indikasie het óf nie bykomende doeltreffendheid gedemonstreer nie óf is nie bestudeer nie.

Daarom:

Moet die dosis vir OA nie 60 mg daagliks oorskry nie.

Moet die dosis vir RA nie 90 mg daagliks oorskry nie.

Moet die dosis vir ankiloserende spondilitis nie 90 mg daagliks oorskry nie.

Moet die dosis vir akute jig nie 120 mg daagliks oorskry nie.

Moet die dosis vir akute pyn en primêre dismenorree nie 120 mg daagliks oorskry nie.

Moet die dosis vir postoperatiewe akute pyn na tandheelkundige chirurgie nie 90 mg daagliks oorskry nie.

Omdat die kardiovaskulêre risiko’s van CORICIB kan verhoog met dosis en duur van blootstelling, moet die kortste moontlike duur en die laagste effektiewe daaglikse dosis gebruik word. Die pasiënt se behoefte aan simptomatiese verligting en respons op terapie moet periodiek herevalueer word (sien afdeling 4.4).

Spesiale populasies

Bejaardes

Geen dosisaanpassing vir CORICIB is nodig by bejaardes nie. Bejaarde pasiënte kan egter meer vatbaar vir renale, gastroïntestinale en kardiovaskulêre newe-effekte wees (sien afdeling 4.4).

Wanneer CORICIB by bejaardes en by pasiënte met renale, hepatiese of kardiale wanfunksie gebruik word, moet toepaslike mediese toesig versterk word.

Indien hierdie pasiënte agteruitgang toon tydens behandeling, moet toepaslike maatreëls ingestel word, insluitende staking van CORICIB.

Hepatiese belemmering

By pasiënte met geringe lewerinkorting (Child-Pughtelling 5 tot 6), moet ’n dosis van 60 mg een keer per dag nie oorskry word nie.

By pasiënte met matige lewerinkorting (Child-Pughtelling 7 tot 9), moet die dosis verminder word; ’n dosis van 60 mg elke tweede dag moet nie oorskry word nie, toediening van CORICIB 30 mg een keer per dag kan ook oorweeg word.

Kliniese ervaring is beperk, veral by pasiënte met matige lewerdisfunksie. Daar is geen kliniese of farmakokinetiese data by pasiënte met erge lewerinkorting (Child-Pughtelling > 9) nie, daarom word die gebruik van CORICIB teenaangedui by hierdie pasiënte (sien afdelings 4.3 en 5.2).

Renale belemmering

Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met ligter grade van nierinkorting (kreatinienopruiming ≥ 30 mL/min) nie. Die gebruik van CORICIB by pasiënte met kreatinienopruiming < 30mL/min word teenaangedui (sien afdeling 4.3).

Wanneer CORICIB by bejaardes en by pasiënte met renale, hepatiese of kardiale wanfunksie gebruik word, is strenger toepaslike mediese toesig nodig. Indien pasiënte tydens behandeling agteruitgang toon, moet toepaslike maatreëls ingestel word, insluitende staking van CORICIB.

4.3 Kontra-indikasies

CORICIB word teenaangedui by:

- pasiënte met bekende hipersensitiwiteit vir enige van die hulpmiddels in CORICIB (sien afdeling 6.1)
- pasiënte met aktiewe peptiese ulkusse of gastroïntestinale (GI) bloeding
- pasiënte met erge lewerdisfunksie (Child-Pughtelling > 9 of serumalbumien < 25 g/liter)
- pasiënte met beraamde kreatinienopruiming < 30 mL/min
- pasiënte wat tekens van asma, akute rinitis, poliepe in die neus, angio-edeem of urtikarie ontwikkel het na toediening van aspirien of ander niesteroïdale antiinflammatoriese geneesmiddels (NSAIM's) insluitende etorikoksib, soos bevat in CORICIB
- ongekontroleerde hipertensie
- swangerskap en borsvoeding, vermy dit om NSAIM's soos CORICIB na 20 weke voor te skryf, aangesien dit in seldsame gevalle nierprobleme by ongebore babas kan veroorsaak (sien afdeling 4.4)
- kinders en adolessente jonger as 16 jaar
- pasiënte met inflammatoriese dermsiekte
- pasiënte met kongestiewe hartversaking (NYHA II – IV)
- bevestigde iskemiese hartsiekte, perifere arteriële siekte en/of serebrovaskulêre siekte (sien afdeling 4.4)
- peri-operatiewe analgesie in die opset van koronêre arterie omleidingsoperasie
- litiumterapie – gepaardgaande toediening met CORICIB mag tot toksiese bloedvlakke van litium lei (sien afdeling 4.5)
- digoksien – daar was ’n toename van ongeveer 33 % in die C_{maks} van digoksien by gesonde vrywilligers (sien afdeling 4.5).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

CORICIB mag die pasiënt vatbaar maak vir kardiovaskulêre voorvalle, gastroïntestinale effekte of kutane reaksies, wat noodlottig kan wees.

Kliniese proewe dui daarop dat die selektiewe COX-2-inhibeerder klas van medisyne, soos CORICIB, gepaardgaan met ’n verhoogde risiko van arteriële trombotiese voorvalle (veral miokardiale infarksie [MI] en beroerte).

Langtermyntoediening van NSAIM's soos CORICIB, het tot renale papillêre nekrose en ander nierskade gelei. Renale prostaglandiene kan ’n kompenserende rol in die handhawing van renale perfusie speel. Daarom, onder toestande van gekompromitteerde renale perfusie, kan toediening van CORICIB ’n afname in die vorming van prostaglandien en tweedens in renale bloedvloei veroorsaak, en sodoende nierfunksie verswak. Pasiënte wat die grootste risiko vir hierdie respons het, is diegene met voorafbestaande beduidende ingekorte nierfunksie, ongekompenseerde hartversaking of lewersirrose. Dit is nodig om nier- en lewerfunksie by sulke pasiënte te monitor.

Omsigtigheid is nodig wanneer behandeling met CORICIB in pasiënte met dehidrasie geïnisieer word. Dit is raadsaam om pasiënte te rehidreer voordat terapie met CORICIB begin word.

Vloeistofretensie, edeem en hipertensie is waargeneem by pasiënte wat CORICIB gebruik. Alle niesteroïdale antiinflammatoriese geneesmiddels (NSAIM's), insluitende CORICIB, kan met nuwe aanvang of herhaalde kongestiewe hartversaking geassosieer word. Sorg moet uitgeoefen word by pasiënte met ’n geskiedenis van hartversaking, linkerventrikulêre disfunksie of hipertensie, en by pasiënte met voorafbestaande edeem om enige ander rede. Indien daar kliniese bewyse is van agteruitgang in die toestand van hierdie pasiënte, moet toepaslike maatreëls, insluitende staking van CORICIB, getref word.

CORICIB mag met meer gereelde en erge hipertensie vergeleke met ander NSAIM's en ander selektiewe COX-2-inhibeerders gepaardgaan. Daarom moet spesiale aandag aan monitering van bloeddruk tydens behandeling met CORICIB gegee word. Indien die bloeddruk aansienlik styg, moet alternatiewe behandeling oorweeg word.

Gerapporteerde kliniese proewe stel voor dat die selektiewe COX-2-inhibeerder klas van medisyne, soos etorikoksib, gepaardgaan met ’n hoër risiko van trombotiese voorvalle (veral

miokardiale infarksie [MI] en beroerte). Aangesien die kardiovaskulêre risiko's van selektiewe COX-2-inhibeerders soos etorikoksib, soos bevat in CORICIB, met dosis en duur van blootstelling mag toeneem, moet die korste moontlike duur en die laagste doeltreffende daaglikse dosis gebruik word. Die pasiënt se behoefte vir simptomatiese verligting en respons op terapie moet periodiek herevalueer word.

Pasiënte met beduidende risikofaktore vir kardiovaskulêre voorvalle (bv. hipertensie, hiperlipidemie, diabetes mellitus, rook) moet slegs na sorgvuldige oorweging met CORICIB behandel word.

CORICIB is nie 'n plaasvervanger vir aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie vanweë die gebrek aan effek op plaatjies. Aangesien CORICIB nie plaatjieklomping onderdruk nie, moet antiplaatjieterapieë nie gestaak word nie, en indien aangedui, moet dit oorweeg word by pasiënte met 'n risiko vir of 'n geskiedenis van kardiovaskulêre of ander trombotiese voorvalle. Daar is geen bewyse dat gelyktydige gebruik van aspirien die verhoogde risiko vir ernstige kardiovaskulêre trombotiese voorvalle, geassosieer met CORICIB, verlaag nie. Vir meer besonderhede, verwys na afdeling oor interaksies (afdeling 4.5).

Ernstige velreaksies, waarvan sommige dodelik was, insluitende afskilferende dermatitis, Stevens-Johnson-sindroom, en toksiese epidermale nekrolise, is tydens nabemarkingsopnames gepaardgaande met die gebruik van selektiewe COX-2-inhibeerders, soos etorikoksib, gerapporteer. Ernstige hipersensitiwiteitsreaksies (soos anafilakse en angio-edeem) is gerapporteer by pasiënte wat etorikoksib ontvang het (sien afdeling 4.8).

Selektiewe COX-2-inhibeerders, soos in CORICIB, is geassosieer met 'n hoër risiko van velreaksies by pasiënte met 'n geskiedenis van enige allergie. CORICIB moet gestaak word met die eerste tekens van veluitslag, letsels aan slymvliese of enige ander teken van hipersensitiwiteit.

Wanneer CORICIB gebruik word by bejaardes en by pasiënte met nier-, lewer- of hartdisfunksie, moet geskikte mediese toesig versterk word. Indien hierdie pasiënte tydens behandeling agteruitgaan, moet toepaslike maatreëls getref word, insluitende staking van CORICIB.

Gastroïntestinale effekte

Komplikasies van die boonste gastroïntestinale weg (perforasies, ulkusse of bloedings [PUB's]), waarvan sommige ’n noodlottige uitkoms gehad het, het voorgekom in pasiënte wat met etorikoksib behandel is.

Wees versigtig wanneer pasiënte behandel word wat ’n risiko het om ’n gastroïntestinale komplikasie met CORICIB te ontwikkel; bejaardes, pasiënte wat ander NSAIM's of aspirien (asetielsalisielsuur) terselfdertyd gebruik of pasiënte met ’n voorafgaande geskiedenis van gastroïntestinale siekte, soos perforasie, ulserasie en gastroïntestinale bloeding.

Daar is ’n verhoging in risiko vir gastroïntestinale nadelige effekte (gastroïntestinale ulserasie of ander gastroïntestinale komplikasies) wanneer CORICIB saam met aspirien geneem word (selfs teen lae dosisse).

Verhoging van alanienaminotransferase (ALT) en/of aspartaataminotransferase (AST) (ongeveer 3 of meer keer die boonste grens van normaal) is gerapporteer by ongeveer 1 % van pasiënte in kliniese proewe wat met 60 mg of 90 mg etorikoksib daagliks vir tot 1 jaar behandel is.

Enige pasiënt met simptome en/of tekens aanduidend van lewerdisfunksie, of in wie ’n abnormale lewerfunksietoets voorgekom het, moet geëvalueer word vir aanhoudende abnormale lewerfunksietoetse. Indien aanhoudende abnormale lewerfunksietoetse (3 keer die boonste grens van normaal) opgemerk word, moet CORICIB gestaak word.

CORICIB kan koors en ander tekens van inflammasie of infeksie verberg.

Weens inhibisie van prostaglandiensintese, is vloeistofretensie en edeem waargeneem by pasiënte wat etorikoksib, soos bevat in CORICIB, neem; daarom moet CORICIB versigtig gebruik word by pasiënte met verswakte hartfunksie, en ander toestande wat vloeistofretensie kan

aanbring of daardeur vererger kan word. Pasiënte met voorafbestaande kongestiewe hartversaking of hipertensie moet noukeurig gemonitor word. Alle niesteroïdale antiinflammatoriese geneesmiddels (NSAIM's), insluitende CORICIB, kan met nuwe of herhaalde kongestiewe hartversaking gepaardgaan (sien afdeling 4.8).

Gebruik van CORICIB word nie aanbeveel vir gebruik deur vrugbare vroue wat probeer om swanger te raak nie.

Neonatale renale belemmering en oligohidramnios:

Die gebruik van niesteroïdale antiinflammatoriese geneesmiddels (NSAIM's) soos CORICIB rondom 20 weke gestasie of later in die swangerskap, mag renale disfunksie by die fetus veroorsaak wat tot oligohidramnios (amnionvloeistoftekort) en, in sommige gevalle, neonatale renale belemmering lei. Komplikasies van langdurige oligohidramnios mag kontrakture van die ledemate en vertraagde maturasie van die longe insluit. In sommige gerapporteerde nabemarkingsgevalle van belemmerde neonatale nierfunksie was ingrypende prosedures soos uitruiltransfusie of dialise nodig. Indien behandeling met ’n NSAIM noodsaaklik geag word, beperk gebruik tot die laagste effektiewe dosis en kortste moontlike duur. Vermy dit om NSAIM's teen 20 weke en later tydens swangerskap voor te skryf, weens die bykomende risiko van voortydige sluiting van die fetale ductus arteriosus. Oorweeg monitering van amnionvloeistof met behulp van ultraklank indien NSAIM-behandeling langer as 48 uur duur. Staak die NSAIM indien oligohidramnios voorkom (sien afdelings 4.3 en 4.6).

Geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) is aangemeld by pasiënte wat NSAIM's soos CORICIB neem. Sommige van hierdie gebeure was noodlottig of lewensgevaarlik. DRESS vertoon tipies, hoewel nie uitsluitlik nie, met koors, uitslag, limfadenopatie en/of gesigswelling. Ander kliniese manifestasies kan hepatitis, nefritis, hematologiese abnormaliteite, miokarditis of miositis insluit. Soms kan simptome van DRESS soos 'n akute virusinfeksie lyk. Eosinofilie is dikwels teenwoordig. Omdat hierdie afwyking veranderlik is in sy voorkoms, kan ander orgaanstelsels wat nie hier genoem word nie, betrokke wees. Dit is belangrik om daarop te let dat vroeë manifestasies van hipersensitiwiteit, soos koors of limfadenopatie,

teenwoordig kan wees al is die uitslag nie duidelik nie. Indien sulke tekens of simptome teenwoordig is, staak CORICIB en evalueer die pasiënt onmiddellik.

Laktose:

CORICIB 30, 60, 90 en 120 mg tablette bevat 1,05; 2,10; 3,15 en 4,20 mg laktose, onderskeidelik. Pasiënte met die seldsame oorerflike toestande van galaktose-intoleransie, algehele laktasegebrek of glukose-galaktose-wanabsorpsie behoort nie CORICIB te neem nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie

Siklosporien en takrolimus: Gelyktydige toediening van siklosporien of takrolimus saam met enige NSAIM, insluitende CORICIB, mag die nefrotoksiese effek van siklosporien of takrolimus versterk. Nierfunksie moet gemonitor word wanneer CORICIB en enigeen van hierdie medisynes in kombinasie gebruik word.

Warfarien: In proefpersone wat op chroniese terapie met warfarien gestabiliseer is, het die toediening van 120 mg etorikoksib daagliks gepaardgegaan met ’n toename van ongeveer 13 % in protrombientyd / internasionale genormaliseerde verhouding (IGV). Standaard monitering van IGV-waardes moet uitgevoer word as terapie met CORICIB begin of verander word by pasiënte wat warfarien of soortgelyke medisyne ontvang.

Rifampisien: Gelyktydige toediening van etorikoksib saam met rifampisien, ’n kragtige induseerder van hepatiese metabolisme, het ’n 65 % afname in area-onder-die-kurwe (AOK) van etorikoksib in die plasma veroorsaak. Hierdie interaksie moet in ag geneem word wanneer CORICIB saam met rifampisien toegedien word.

Metotreksaat: Twee gerapporteerde studies het die effekte van 60 mg, 90 mg of 120 mg etorikoksib een keer per dag toegedien vir 7 dae aan pasiënte wat een keer per week metotreksaatdosisse van 7,5 mg tot 20 mg vir rumatoïede artritis ontvang het, ondersoek. Etorikoksib teen 60 mg en 90 mg het geen effek op metotreksaat plasmakonsentrasies (soos gemeet deur AOK) of nieropruiming gehad nie. In een gerapporteerde studie, het 120 mg

etorikoksib geen effek op metotreksaat plasmakonsentrasies (soos gemeet deur AOK) of nieropruiming gehad nie. In die ander studie, het 120 mg etorikoksib die metotreksaat plasmakonsentrasies met 28 % verhoog (soos gemeet as AOK) en nieropruiming van metotreksaat met 13 % verminder. Monitering vir metotreksaat-verwante toksisiteit moet oorweeg word wanneer CORICIB teen dosisse > 90 mg daagliks gepaardgaande met metotreksaat toegedien word.

Diuretika, angiotensienomsettingsensiem- (AOE-)inhibeerders en angiotensienreseptor-blokkeermiddels (ARB's): Verslae toon dat nieselektiewe NSAIM's en COX-2 selektiewe inhibeerders soos etorikoksib, soos bevat in CORICIB**,** die antihipertensiewe effek van diuretika, AOE-inhibeerders en angiotensienreseptorblokkeermiddels (ARB's) kan verminder. Hierdie interaksie moet in aanmerking geneem word by pasiënte wat CORICIB gepaardgaande met hierdie medisyne neem.

By pasiënte met ingekorte nierfunksie (bv. bejaarde pasiënte of pasiënte met volume-uitputting, insluitende dié op diuretiese terapie) wat met CORICIB behandel word, kan die gelyktydige toediening van AOE-inhibeerders of ARB's ’n verdere agteruitgang in nierfunksie, waaronder moontlike akute nierversaking, veroorsaak. Hierdie effekte kan omkeerbaar wees. Daarom moet die kombinasie met omsigtigheid toegedien word, veral by bejaardes en by pasiënte met ingekorte nierfunksie. Pasiënte moet voldoende gehidreer wees en dit moet oorweeg word om nierfunksie na aanvang van die gesamentlike terapie, en periodiek daarna, te monitor.

Litium: CORICIB mag vlakke van litium in die plasma verhoog. Hierdie interaksie moet in aanmerking geneem word by pasiënte wat CORICIB saam met litium neem.

Aspirien: In ’n gerapporteerde studie met gesonde proefpersone, by ewewigsvlak, het 120 mg etorikoksib een keer per dag geen effek op die antiplaatjie-aktiwiteit van aspirien (81 mg een keer per dag) gehad nie. CORICIB mag saam met aspirien gebruik word teen dosisse wat gebruik word vir kardiovaskulêre profilakse (lae-dosis aspirien). Gesamentlike toediening van lae-dosis aspirien met CORICIB verhoog egter die voorkoms van gastroïntestinale ulserasie en ander komplikasies, vergeleke met die gebruik van etorikoksib alleen. Gepaardgaande toediening van CORICIB met

dosisse van aspirien hoër as dié vir kardiovaskulêre profilakse of met ander NSAIM's moet vermy word (sien afdeling 4.4).

Gesamentlike gebruik van aspirien verlig nie die verhoogde risiko van ernstige kardiovaskulêre trombotiese voorvalle geassosieer met CORICIB nie.

Orale voorbehoedmiddels: 60 mg etorikoksib wat vir 21 dae toegedien is saam met ’n orale kontraseptiewe middel wat 35 µg etinielestradiol (EE) en 0,5 mg tot 1 mg noretindroon (NET) bevat, het die ewewigsvlak AOK_{0-24h} van EE met 37 % verhoog. 120 mg etorikoksib toegedien met dieselfde orale voorbehoedmiddel gelyktydig of 12 uur apart, het die ewewigsvlak AOK_{0-24h} van EE met 50 % tot 60 % verhoog; NET-konsentrasies het egter oor die algemeen nie tot ’n klinies relevante mate verhoog nie. Hierdie toename in EE-konsentrasie moet in gedagte gehou word wanneer ’n gepaste orale voorbehoedmiddel vir gebruik saam met CORICIB gekies word. ’n Toename in EE-blootstelling kan die voorkoms van nadelige effekte vanweë orale voorbehoedmiddels (bv. veneuse trombo-emboliese voorvalle by vroue met risiko) verhoog.

Furosemied: Gerapporteerde kliniese studies het getoon dat NSAIM's soos etorikoksib, soos bevat in CORICIB, die natriuretiese en antihipertensiewe effek van furosemied en tiasiede by pasiënte verminder. Hierdie respons word toegeskryf aan inhibisie van renale prostaglandiensintese.

Hormoonvervangingsterapie: Toediening van 120 mg etorikoksib saam met hormoonvervangingsterapie bestaande uit gekonjugeerde estrogene (0,625 mg gekonjugeerde estrogene) vir 28 dae, het die gemiddelde ewewigsvlak AOK_{0-24h} van ongekonjugeerde estroon (41 %), ekwilien (76 %) en 17-beta-estradiol (22 %) verhoog. Die effek van die aanbevole chroniese dosisse van etorikoksib (60 mg en 90 mg) is nie bestudeer nie. Die effek van 120 mg etorikoksib op die blootstelling (AOK_{0-24h}) aan hierdie estrogeniese komponente van gekonjugeerde estrogene was minder as die helfte van dié wat met gekonjugeerde estrogene alleen toegedien, waargeneem is en die dosis van 0,625 mg tot 1,25 mg verhoog is. Die kliniese betekenis van hierdie verhogings is onbekend en hoër dosisse van gekonjugeerde estrogene is nie in kombinasie met etorikoksib bestudeer nie. Hierdie verhogings in estrogeenkonsentrasie

moet in aanmerking geneem word wanneer postmenopousale hormoonterapie vir gebruik saam met CORICIB oorweeg word, omdat die toename in estrogeenblootstelling die risiko van nadelige effekte geassosieer met hormoonvervangingsterapie (HVT) kan verhoog.

Effekte van etorikoksib op medisyne wat deur sulfotransferases gemetaboliseer word: Etorikoksib is ’n inhibeerder van menslike sulfotransferase aktiwiteit, veral SULT1E1, en daar is getoon dat dit die serumkonsentrasies van etinielestradiol verhoog. Terwyl kennis oor die effekte van vele sulfotransferases tans beperk is en die kliniese gevolge vir baie middels steeds ondersoek word, mag dit raadsaam wees om versigtig te wees wanneer CORICIB gelyktydig met ander medisyne wat hoofsaaklik deur menslike sulfotransferases gemetaboliseer word, toegedien word (bv. orale salbutamol en minoksidiel).

120 mg etorikoksib een keer per dag vir 10 dae aan gesonde proefpersone het nie die ewewigsvlak plasma $AOK_{0\text{-}24h}$ of renale uitskeiding van digoksien verander nie. Daar was ’n toename in digoksien C_{maks} (ongeveer 33 %) (sien afdeling 4.3).

Ander: In interaksiestudies het etorikoksib nie klinies beduidende effekte op die farmakokinetika van prednisoon/prednisoloon gehad nie.

Teensuurmiddels het nie klinies betekenisvolle effekte op die farmakokinetika van CORICIB nie.

Ketokonasool, ’n kragtige inhibeerder van CYP3A4, gedoseer teen 400 mg een keer per dag vir 11 dae aan gesonde proefpersone het geen klinies belangrike effek op die enkeldosis farmakokinetika van 60 mg etorikoksib gehad nie (43 % toename in AOK).

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding

CORICIB word teenaangedui tydens swangerskap en borsvoeding (sien afdeling 4.3)

Swangerskap:

CORICIB, soos by ander medisyne wat prostaglandiensintese inhibeer, kan baarmoederbeweginglоosheid en premature ductus arteriosus gedurende die laaste trimester van swangerskap veroorsaak.

Swanger vroue moet nie CORICIB gebruik indien hulle 20 weke of meer swanger is nie, behalwe indien ’n gesondheidsorgdeskundige dit spesifiek so geadviseer het, want hierdie medisyne kan renale disfunksie by die fetus veroorsaak (sien afdelings 4.3 en 4.4).

Borsvoeding:

Moeders wat CORICIB gebruik, behoort nie hul babas te borsvoed nie.

Vrugbaarheid:

Die gebruik van CORICIB word nie aanbeveel by vrugbare vrouens wat probeer om swanger te raak nie.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik

Pasiënte wat duiseligheid, vertigo of slaperigheid ervaar terwyl hulle CORICIB neem, moet dit vermy om te bestuur of masjinerie te hanteer.

4.8 Ongewenste effekte

a) Opsomming van die veiligheidsprofiel

Die volgende ernstige ongewenste effekte is gepaardgaande met die gebruik van NSAIM's gerapporteer en kan nie vir etorikoksib uitgesluit word nie: nefrotoksisiteit insluitende interstisiële nefritis en nefrotiese sindroom; hepatotoksisiteit insluitende lewerversaking, en pankreatitis. In kliniese studies is ’n hoër insidensie van ongunstige reaksies by ouer pasiënte in vergelyking met jonger pasiënte gesien.

b) Getabuleerde opsomming van ongunstige reaksies

Stelsel orgaan klas (SOK)	**Frekwensie**	**Ongunstige reaksie**
Infeksies en infestasies	Dikwels Minder dikwels	Alveolêre osteïtis Gastroënteritis, boonstelugweginfeksie, urienweginfeksie
Bloed- en limfstelselversteurings	Minder dikwels Frekwensie onbekend	Anemie, leukopenie Trombositopenie
Immuunstelselversteurings	Frekwensie onbekend	Hipersensitiwiteitsreaksies, insluitende angio-edeem, anafilaktiese/anafilaktoïede reaksies insluitende skok
Metabolisme en voedingsversteurings	Dikwels Minder dikwels	Edeem/vloeistofretensie Toename of afname in eetlus, gewigstoename
Psigiatriese versteurings	Minder dikwels Frekwensie onbekend	Angstigheid, depressie, verminderde verstandelike skerpheid Verwardheid, hallusinasies, depressie, rusteloosheid
Senuweestelselversteurings	Dikwels Minder dikwels Frekwensie onbekend	Duiseligheid, hoofpyn Slaaploosheid, parestesie/hipestesie Disgeusie, slaperigheid
Oogversteurings	Minder dikwels Frekwensie onbekend	Konjunktivitis Versteurde visie
Oor- en labirintversteurings	Minder dikwels	Tinnitus, vertigo
Kardiale versteurings	Dikwels Minder dikwels	Hartkloppings

Stelsel orgaan klas (SOK)	**Frekwensie**	**Ongunstige reaksie**
	Frekwensie onbekend	Atriale fibrillasie, kongestiewe hartversaking, niespesifieke EKG-veranderings, miokardiale infarksie, angina Verergerde hipertensie, disritmie, kardiovaskulêre trombotiese voorvalle en tagikardie
Vaskulêre versteurings	Dikwels Minder dikwels Frekwensie onbekend	Hipertensie Blosing, serebrovaskulêre insidente (beroerte), vlietende iskemiese aanval, vaskulitis Hipertensiewe krisis, perifere edeem, verergerde hipertensie
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	Minder dikwels Frekwensie onbekend	Hoes, dispnee, epistakse Brongospasma

Stelsel orgaan klas (SOK)	**Frekwensie**	**Ongunstige reaksie**
Gastroïntestinale versteurings	Dikwels Minder dikwels Frekwensie onbekend	Gastroïntestinale versteurings (bv. abdominale pyn, winderigheid, sooibrand), diarree, dispepsie, epigastriese ongemak, naarheid Abdominale opsetting, suurrefluks, verandering in die ontlastingpatroon, hardlywigheid, droë mond, gastroduodenale ulkus, prikkelbaredermsindroom, esofagitis, mondulkus, braking, gastritis, pankreatitis Peptiese ulkusse insluitende gastroïntestinale perforasie en bloeding (hoofsaaklik by bejaardes)
Hepatobiliêre versteurings	Dikwels Frekwensie onbekend	Verhoogde ALT en AST Hepatitis, geelsug, lewerversaking
Vel- en subkutane weefselversteurings	Dikwels Minder dikwels Frekwensie onbekend	Ekchimose Gesigsedeem, pruritus, uitslag, eriteem Urtikarie, Stevens-Johnson-sindroom, toksiese epidermale nekrolise, vaste middeluitslag. Geneesmiddelreaksie met Eosinophilia en Sistemiese Simptome (DRESS) (sien afdeling 4.4)
Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenversteurings	Minder dikwels	Spierkrampe/spasmas, muskuloskeletale pyn/styfheid

Stelsel orgaan klas (SOK)	**Frekwensie**	**Ongunstige reaksie**
Nier- en urienwegversteurings	Minder dikwels Frekwensie onbekend	Proteïnurie, verhoogde serumkreatinien Renale ontoereikendheid, insluitende nierversaking (sien afdeling 5.2), nefrotoksisiteit, insluitende interstisiële nefritis en nefrotiese sindroom
Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening	Dikwels Minder dikwels	Astenie/moegheid, griepagtige siekte Pyn in die borskas
Ondersoeke	Minder dikwels	Verhoogde bloedureum, verhoogde kreatienfosfokinase, verlaagde hematokrit, verlaagde hemoglobien, hiperkalemie, verminderde leukosiete, verminderde plaatjies, verhoogde uriensuur, afname van natrium in die bloed.

c) Beskrywing van uitgesoekte ongunstige reaksies

CORICIB mag renale disfunksie by die fetus veroorsaak wat tot oligohidramnios (amnionvloeistoftekort) en, in sommige gevalle, neonatale renale belemmering lei. Hierdie ongunstige effek word gemiddeld gerapporteer na dae tot weke van behandeling, alhoewel oligohidramnios minder dikwels so gou as 48 uur nadat begin is met NSAIM-terapie gerapporteer is. Oligohidramnios is dikwels, maar nie altyd nie, omkeerbaar wanneer behandeling gestaak word (sien afdelings 4.3 en 4.4).

Rapportering van vermoedelike ongunstige reaksies

Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedgekeur is te rapporteer. Dit help met volgehoue monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne. Gesondheidsorgverskaffers moet asseblief enige vermoedelike newe-effekte aan

SAHPRA rapporteer via die vorm om ongunstige geneesmiddelreaksies te rapporteer, wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering

Die mees algemeen waargenome ongewenste effekte was gastroïntestinale voorvalle en renovaskulêre voorvalle.

In die geval van oordosering, is dit raadsaam om die gewone ondersteunende maatreëls toe te pas, bv. verwyder ongeabsorbeerde materiaal vanuit die gastroïntestinale kanaal, monitor pasiënt klinies, en stel ondersteunende terapie in, indien nodig.

Etorikoksib kan nie met hemodialise gedialiseer word nie; dit is nie bekend of etorikoksib deur peritoneale dialise gedialiseer word nie.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

A.3.1 Antirumatika (Antiinflammatoriese Middels). ATC-kode: M01 AH05

Etorikoksib is ’n niesteroïdale antiinflammatoriese geneesmiddel (NSAIM) wat antiinflammatoriese, analgetiese en antipiretiese aktiwiteite in dieremodelle vertoon. Etorikoksib is ’n oraal aktiewe, selektiewe siklo-oksigenase-2-inhibeerder (COX-2-inhibeerder).

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie

Oraal toegediende etorikoksib word geabsorbeer met ’n gemiddelde orale biobeskikbaarheid van ongeveer 100 %. Na dosering van 120 mg een keer per dag tot by ewewigsvlak, is die piek plasmakonsentrasie (geometriese gemiddelde C_{maks}=3,6 µg/mL) waargeneem teen ongeveer 1 uur (T_{maks}) na toediening aan vastende volwassenes. Die geometriese gemiddelde AOK_{0-24h} was 37,8 µg/h/mL. Die farmakokinetika van etorikoksib is lineêr regoor die kliniese dosisreikwydte.

'n Standaard maaltyd het geen klinies betekenisvolle effek op die mate of tempo van absorpsie van 'n dosis van 120 mg etorikoksib gehad nie. In gerapporteerde kliniese proewe is etorikoksib sonder inagneming van voedsel toegedien.

Die farmakokinetika van etorikoksib in 12 gesonde vrywilligers (40- tot 65-jarige ouderdom) was soortgelyk (vergelykbare AOK, C_{maks} binne ongeveer 20 %) toe dit alleen of saam met 'n magnesium/aluminiumhidroksied-teensuurmiddel of 'n kalsiumkarbonaat-teensuurmiddel toegedien is (ongeveer 50 mEkw suurneutraliserende kapasiteit).

Verspreiding

Etorikoksib is ongeveer 92 % gebonde aan plasmaproteïene oor die reeks van konsentrasies van 0,05 µg/mL tot 5 µg/mL by mense. Die volume van verspreiding by ewewigstoestand (V_{dss}) is ongeveer 120 liter. Etorikoksib kruis die plasenta en die bloedbreinskans.

Metabolisme

Etorikoksib word breedvoerig deur die lewer gemetaboliseer met < 1 % van 'n dosis wat as die moederverbinding in die urine verhaal word. Die hoofroete van metabolisme om die 6'-hidroksimetielderivaat te vorm, word gekataliseer deur sitochroom P450 (CYP) ensieme.

Vyf metaboliete is by die mens geïdentifiseer. Die hoofmetaboliet is die 6'-karboksielsuurderivaat van etorikoksib wat deur verdere oksidasie van die 6'-hidroksimetielderivaat gevorm word.

Hierdie hoofmetaboliete toon óf geen meetbare aktiwiteit nie óf slegs swak aktiwiteit as COX-2-inhibeerders.

Eliminasie

Na toediening van 'n enkele 25 mg radioaktiefgemerkte intraveneuse dosis van etorikoksib aan gesonde proefpersone, is 70 % van die radioaktiwiteit in die urine en 20 % in die feses herwin, meestal as metaboliete. Plasma en urine is versamel vir 7 dae en stoelgang is versamel vir 10 dae ná 'n dosis. Minder as 2 % is as onveranderde middel herwin.

Eliminasie van etorikoksib vind feitlik uitsluitlik deur metabolisme plaas, gevolg deur renale uitskeiding. Ewewigsvlakkonsentrasies van etorikoksib word binne 7 dae bereik, na toediening van 120 mg een keer per dag, met 'n akkumulasieverhouding van ongeveer 2, wat met 'n

akkumulasiehalfleeftyd van ongeveer 22 uur ooreenstem. Die plasmaopruiming word beraam om ongeveer 50 mL/min te wees.

Bejaardes

Farmakokinetika in bejaardes (65-jarige ouderdom en ouer) met normale nierfunksie is soortgelyk aan dié in jonger persone. In gerapporteerde kliniese studies, is ’n hoër voorkoms van ongewenste ervarings waargeneem by ouer pasiënte in vergelyking met jonger pasiënte (sien afdeling 4.2).

Hepatiese belemmering

Pasiënte met geringe lewerinkorting (Child-Pughtelling 5 tot 6) wat 60 mg etorikoksib een keer per dag (vir 21 dae) ontvang het, het ongeveer ’n 16 % hoër gemiddelde AOK gehad in vergelyking met gesonde proefpersone wat dieselfde regimen ontvang het. Pasiënte met matige lewerinkorting (Child-Pughtelling 7 tot 9) wat 60 mg etorikoksib elke tweede dag (vir 21 dae) ontvang het, het soortgelyke gemiddelde AOK gehad as dié van gesonde proefpersone wat 60 mg etorikoksib een keer per dag ontvang het. Daar is geen beskikbare kliniese of farmakokinetiese data van pasiënte met ernstige lewerinkorting (Child-Pughtelling > 9) nie (sien afdelings 4.2 & 4.3).

Renale belemmering

Die farmakokinetika van ’n enkele dosis van 120 mg etorikoksib by pasiënte met matige (kreatinienopruiming 30 tot 50 mL/min) tot erge (kreatinienopruiming van < 30 mL/min) nierinkorting, en pasiënte met eindstadiumniersiekte op hemodialise, was nie beduidend verskillend van die van gesonde proefpersone nie. Hemodialise het weglaatbaar bygedra tot uitskeiding (dialise-opruiming ongeveer 50 mL/min).

Pediatriese populasie

Die farmakokinetika van etorikoksib in pediatriese pasiënte (< 12-jarige ouderdom) is nie bestudeer nie.

In ’n farmakokinetiese studie (N=16) uitgevoer in adolessente (12 tot 17 jaar oud) was die farmakokinetika in adolessente wat 40 kg tot 60 kg weeg en 60 mg etorikoksib een keer per dag ontvang het en in adolessente > 60 kg wat 90 mg etorikoksib een keer per dag ontvang het, soortgelyk aan die farmakokinetika in volwassenes wat 90 mg etorikoksib een keer per dag ontvang het. Veiligheid en doeltreffendheid van etorikoksib in pediatriese en adolessente pasiënte is nie vasgestel nie (sien afdeling 4.3).

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van hulpstowwe

- mikrokristallyne sellulose
- anhidriese kalsiumwaterstoffosfaat
- natriumkroskarmellose
- magnesiumstearaat

Deklaag:

30 mg: Opadry II groen 32K510020 (laktosemonohidraat, hipromellose, titaandioksied, triasetien, indigo-karmyn aluminiumlak, geel ysteroksied)

60 mg: Opadry II groen 35K510000 (laktosemonohidraat, hipromellose, titaandioksied, triasetien, indigo-karmyn aluminiumlak, geel ysteroksied)

90 mg: Opadry II wit 35K580003 (laktosemonohidraat, hipromellose, titaandioksied, triasetien)

120 mg: Opadry II groen 32K510018 (laktosemonohidraat, hipromellose, titaandioksied, triasetien, indigo-karmyn aluminiumlak, geel ysteroksied).

6.2 Onverenigbaarhede

Nie van toepassing nie.

6.3 Rakleeftyd

36 maande

Bêre by of onder 25 °C.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Beskerm teen vog. Hou die stulpstrook in die karton tot nodig vir gebruik.

6.5 Aard en inhoud van die houer

Die tablette word in koudgevormde stulpstroke verpak. Elke stulpstrook bevat 7 tablette. Die karton bevat 7 of 28 tablette.

Koudgevormde stulpstroke

'n Koudgevormde stulpstrook bestaan uit koudgevormde stulpstrooklaminaat saamgestel uit georiënteerde poliamied, aluminiumfoelie en PVC-film met 'n agterkant van harde, getemperde aluminiumfoelie, bedek met hitteseëllak aan die binnekant.

7 HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms.) Bpk.

Lautreweg 14, Stormill, Uitbr.1

Roodepoort 1724

Suid-Afrika

8 REGISTRASIENOMMERS

CORICIB 30 mg: 51/3.1/1148.1144

CORICIB 60 mg: 51/3.1/1149.1145

CORICIB 90 mg: 51/3.1/1150.1146

CORICIB 120 mg: 51/3.1/1151.1147

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING/HERNUWING VAN DIE MAGTIGING

Datum van registrasie: 11 Februarie 2020

10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

21 Januarie 2022

Namibia: NS2 Coricib 30 mg: 20/3.1/0049

NS2 Coricib 60 mg: 20/3.1/0050

NS2 Coricib 90 mg: 20/3.1/0051

NS2 Coricib 120 mg: 20/3.1/0052